

# 19

## DIE EREDIENS

### In die erediens leer ons van God

#### FASELES

#### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet leer wat die doel van die erediens is.

#### SPESIFIEKE DOELSTELLING

##### Kennis

Die kinders moet weet dat die erediens –

- 'n byeenkoms is waar ons van God leer.
- die geleentheid is waar ons God loof en prys en aanbid.

##### Gesindheid

Die kinders moet graag aan die erediens wil deelneem –

- om God te loof en te eer.
- om van Hom te leer.

##### Vaardigheid

Die kinders moet –

- vir hul ouers kan gaan vertel waarom hulle elke Sondag kerk toe behoort te gaan.
- vir 'n maatjie kan gaan vertel waarom dit lekker is om kerk toe te gaan.

#### MEER INLIGTING (Kolossense 3: 16 en 17)

Tydens die erediens *kuier* God en sy kinders by mekaar. Ons gesels met mekaar. God met ons en ons met Hom.

Hoe werk 'n erediens? Die eintlike erediens begin gewoonlik met 'n Bybelversie. Ons noem dit die **votum**. Partykeer word 'n lied voor die votum gesing – 'n *beginlied*, of ons noem dit 'n *intreelied*. Die Bybelversie waarmee die erediens begin, is altyd iets waarmee God vir ons welkom sê en ons gelukkig laat voel. Daarna kom die *seëngroet*. Met die seëngroet word ons geluk en vrede toegewens vanaf God die Vader en die Seun en die Heilige Gees. (*God praat met ons.*)

Ons is so bly dat God ons welkom heet en geluk en voorspoed toewens, dat ons dadelik antwoord met 'n *lofsang*, 'n lied waarin ons die Here loof en prys. (*Ons praat met God.*)

Daarna hoor ons die wet van die Here, die tien gebooie of 'n samevatting daarvan. Dit is die Here se reëls. (*God praat met ons.*) *Sien julle, ons en God praat met mekaar.*

As ons dit hoor, kom ons dadelik agter dat ons in die moeilikheid is, want ons oortree hierdie reëls gedurig. Dan sê ons dadelik vir die Here dat ons jammer is daarvoor. (*Ons praat met God.*) Ons doen dit met 'n lied wat ons sing of net deur iets wat ons sê. Ons noem dit ons *skuldbelydenis*.

As ons ons skuld bely, is die Here altyd bereid om ons te vergewe. Ons hoor dit met die *genadeverkondiging*. Hierdie lang moeilike woord beteken dat die Here sê: *Toemaar, ek vergewe julle. Ek gaan julle nie straf as julle jammer is nie. As julle vir My sê dat julle glo dat Jesus julle sonde weggeneem het, dan is julle vergewe.* (*God praat met ons.*)

As ons dit hoor, sê ons dadelik dat ons glo. Ons noem dit ons *geloofsbelydenis*. (*Ons praat met God.*) Daarna sing ons weer 'n lied. (*Ons praat met God.*)

Ons sing verskillende soorte liedere. In party liedere prys ons die Here. In ander liedere bid ons, bely ons ons skuld of bely ons ons geloof.

Ons *bid* ook een of twee keer in die erediens. (*Ons praat met God.*)

Die belangrikste van die erediens is *Bybellees en preek*. (*God praat met ons.*) Die dominee lees uit die Bybel en dan gebruik hy gewoonlik 'n Bybelteks waaroor hy praat. Ons noem dit preek. Dit is baie belangrik dat ons goed sal luister, dit sal onthou en dan gaan doen wat ons gehoor het.

Die erediens sluit af met 'n *seën*, waarmee die Here ons geluk en vrede toewens. (*God praat met ons.*) Daarna gaan ons huis toe. Die eerste ding wat ons doen as die erediens verby is, is om vir die Here dankie te sê vir alles wat Hy vir ons doen en gee. Dit doen ons deur ons *dankoffer* te gee sodra ons by die kerk uitstap.

Hoekom moet dit vir ons belangrik wees om kerk toe te gaan? Die Here verwag dit van ons. Omdat Hy ons so goed versorg en ons reghelp as ons verkeerd doen, moet ons Hom prys en dien. In die erediens gesels ons en ons hemelse Vader met mekaar. Ons bou aan ons verhouding met mekaar. Ons noem mekaar ook broers en susters. Ons gesels met mekaar by die kerk. So bou ons ook aan ons verhouding – ons hoor hoe dit gaan en help waar ons kan. Ons vorm 'n geestelike gesin: 'n Vader met sy kinders en hul broers en susters.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- 'n Voorbereide liturgie, in samewerking met die predikant, vir die kort erediens wat hulle met rolspel gaan hou. Rolle: Daar sal minstens 'n dominee, ouderling, diaken en orrelis moet wees, terwyl die res van die kinders kerkraadslede of lidmate kan wees.
- Die rolspel kan net gehou word as daar genoeg kinders is.
- Alles wat nodig is vir die rolspel.
- Reël met die predikant om te help met die aanbidding van die les indien moontlik.
- Reël vooraf dat die kinders van grade R tot 3 bymekaar sit in die erediens. Indien

omstandighede dit toelaat, kan die kinders dan een of twee liedere alleen sing. Maar dit moet vooraf geoefen word.

- Reël vooraf met die dominee om, indien moontlik, in die prediking aandag te gee aan die verskillende liturgiese elemente en dit verstaanbaar te verduidelik.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed, maar as daar 'n rolspel gaan plaasvind, kan tydens die rolspel gebid en gesing word. Begin dan net deur hulle welkom te heet en te vertel dat vandag se les oor die erediens gaan.

## **HET HULLE ONTHOU?**

Kontroleer of hulle nog die volgende vrae kan beantwoord uit Les 15:

- Wat was Josef se pa se naam? (*Jakob.*)
- Hoeveel seuns het hy gehad? (*12.*)
- Wat het hy vir Josef gekoop, waaroor sy broers so jaloers was? (*'n Mooi, lang kleed.*)
- Waarin het Josef se broers hom gegooi? (*'n Put.*)
- Aan wie het hulle hom verkoop? (*Handelaars.*)
- Wat het die farao se droom beteken? (*Daar gaan sewe goeie oeste wees en sewe swak oeste.*)
- Josef kon sy broers doodgemaak het as hy wou, maar hy het nie. Wat het hy gedoen? (*Hy het hulle vergewe en hulle in Egipte laat bly.*)
- Wat het ons uit daardie les geleer? Wat moet ons bereid wees om te doen as ons kwaad is vir iemand, of as iemand ons seergemaak het? (*Ons moet mekaar vergewe.*)

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Voer 'n kort gesprek oor vandag se erediens wat verby is (of verlede week se erediens indien die kategeese voor die diens is). Laat hulle vertel wat in die diens gebeur het.

- Wat het die dominee gedoen? (*Bybel gelees, gepreek, gebid, ons laat sing, seën uitgespreek, ensovoorts.*)
- Wat het julle as gemeente gedoen? (*Geluister, gesing, saam gebid, sonde bely, ensovoorts.*)
- Met wie het julle gepraat in die gebede en sommige liedere, en na wie het julle geluister in die prediking? (*Na God.*)

### **IETS INTERESSANT**

Gebruik MEER INLIGTING hierbo om 'n gesprek te voer oor die verskillende liturgiese elemente in die erediens. Dit is belangrik dat dit op die kinders se vlak gebeur en dat begrippe soos *blydenis* en *lof* aan hulle verduidelik word, maar op 'n eenvoudige en konkrete manier.

Gebruik die prente hierlangs en laat hulle elke keer die prent wys wat jy behandel. Help hulle reg indien nodig.

## So hou ons kerk



Gebruik voorbeelde van toe iemand hulle geprys het, dalk as hulle iemand gehelp het wat nie kos gehad het nie, of iemand wat nie sy somme verstaan het nie, om te verduidelik dat ons die Here ook prys as ons praat oor die goeie dinge wat Hy doen.

## IETS BELANGRIK

Vra die volgende vrae en gee die regte antwoorde waar nodig om die feite weer in te skerp:

- Kan julle vir my 'n paar dinge noem wat in die erediens gebeur en wat ons doen? (*Seën, sing, tien gebooie, belydenis, lees Bybel, preek, bid, gee dankoffer.*)
- Hoekom is dit belangrik vir kinders van die Here om gereeld kerk toe te gaan? (*Die Here verwag dit van ons. Ons moet Hom gaan prys en dien omdat Hy so goed sorg vir ons en ons reghelp as ons verkeerd doen. Ons en ons hemelse Vader kuier by en gesels met mekaar in die erediens. Ons word liewer en liewer vir mekaar. Ons en die ander mense in die kerk – ons noem mekaar broers en susters – hoor hoe dit gaan en help mekaar waar ons kan. Ons vorm 'n geestelike gesin: 'n Vader met sy kinders en hul broers en susters.*)
- Wat moet ons doen as ons in die erediens is? (*Ons moet luister en saam sing, ons moet bely – dit beteken om te sê ons is jammer of om te sê ons glo – en ons moet bid.*)
- Wat moet die dominee doen as ons in die erediens is? (*Hy of sy seën ons, lees die Bybel, bid en laat ons sing.*)
- Wie lees partykeer die wet en geloofsbelydenis voor? (*Soms die dominee; ander kere die ouderling.*)
- Hoekom wil jy graag gereeld kerk toe te kom? (*Verskillende antwoorde is moontlik. Lei hulle om in te sien dat God dit so wil hê en dat dit belangrik is om by God te gaan “kuier” om te hoor dat Hy ons lief het.*)

## IETS OM TE DOEN

- Indien daar genoeg kinders is, hou 'n kort erediens met rolspel. Die dominee se insette sal hier belangrik wees, indien hy of sy kan help met die aanbidding.
- Rolle: Daar sal minstens 'n dominee, ouderling, diaken en orrelis moet wees, terwyl die res van die kinders kerkraadslede of lidmate kan wees.

## BY DIE HUIS

- Laat hulle met hul ouers gaan gesels oor die erediens en vir hulle vra hoekom dit belangrik is om gereeld kerk toe te gaan.
- Laat hulle 'n lied in die Liedboek wat hulle graag in 'n erediens wil sing, gaan kies. Hulle kom vra jou dan om dit vir die dominee voor te stel.

## AFSLUITING

Sluit af met Gesang 552: 1-4 as gebed. Verduidelik vir hulle dat 'n lied ook 'n gebed kan wees.

*Liewe Vader, ek sê dankie vir die wêreld rondom my,  
want die hemel en die aarde het ons als van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie vir die lewe rondom my –  
al die blomme en die diere het hul prag van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie vir die mense rondom my –  
al my maatjies en familie wat in liefde by my bly.*

*Liewe Vader, ek sê dankie dat ek soveel van U kry,  
maar die grootste is u liefde wat ook in my hart kom bly.*